## ***ELJADA HUIS MSW***

MAATSKAPPY SONDER WINSOOGMERK

*Eljada Huis, Standard Bank, Montana, Marketlink spaar, 044396058, kode 01594500.*

7 Februarie 2013

Dagsê Almal

Trane loop vrylik terwyl sy vertel van haar kinders in die kinderhuis en verkragting in haar lewe en na ‘n lekker gesels sessie die besef dat die afwesigheid van die Here in haar lewe beslis ‘n rol speel in die verwerking van hierdie hartseer. Bid asseblief saam met my vir haar om werklik die Here aan te neem as haar enigste Verlosser en Leidsman.

Vandag het ek heelwat versoeke want van my mense se lewens begin rigting kry en nuwe woonplekke vra vir allerhande dinge: Jenny, Lukas en Inge het in ‘n huis ingetrek nadat hulle in 1 kamer moes bly – sy het potte, panne, breekgoed en messegoed nodig asb. Corlia en haar gesin (5) bly nou in ‘n 2 slaapkamer woonstel en haar wasmasjien het gebreek en sy vra ook vir ‘n waaier. Rosa (naaldwerk) benodig potte en panne, Babsie benodig ook potte en panne, Lisa het ook nie ‘n wasmajien nie en vra vir ‘n lessenaar, Sonja en Fiela het saam in ‘n wendy ingetrek en vra ook vir potte, panne, TV, klein tafeltjie vir twee, stoele en hangkaste. Bernadine het ook kom vra vir potte en panne. 2 Plaat stofies is ook ‘n groot behoefte want naweke moet mense self voorsien. Ou yskaste sal ook baie welkom wees en selfs matte. Besems sal ook welkom wees. Baie, baie dankie by voorbaat vir alles wat ek gaan ontvang om te help waar ons kan.

NOODKREET ASSEBLIEF; Petro het die kombuis mooi onder beheer en haar voorrade lys is kort aan: vars vleis, blikkies vis, boeliebeef, baked beans, sweetcorn, gemengde groente en ertjies. Soppoeier, pasta, sojavleis, rys, mieliemeel, koffie, tee, boksmelk, konfyt, grondboontjiebotter, stroop, bovril, margarien, koekmeel, suiker, aanmaak koeldrank (koningskinders begin weer Maan dag). Petro kyk dat daar in die kombuis vir die normale weeksdae sonder ekstras vir 48 mense kos gemaak word. Met die koningskinders wat bykom styg dit tot 60 per dag vir twee dae. Ons kosvoorraad bly dus ‘n aanhoudende behoefte want naweke gee ons pakkies huis toe. Weereens ‘n reuse dankie vir wat ons reeds ontvang het maar ook gaan kry. Ek ervaar ‘n hernude werkloosheid en moedeloosheid onder die mense en as ons darem net die magies kan voed dan kan ek ook geestelik ondersteun maar wie kan luister as die honger so groot is? Selfs die neem van medikasie word hierdeur geraak want jy moet eet voor jy pille drink. Ek vra dus groot asseblief om hierdie huis se las te help dra.

Baie dankie by voorbaat.
Eljada Huis groete
Annatjie